



Hoof Uitvoerende Beampte: Dutoit Agri

Willem Coetzee, voormalige Besturende Direkteur: Kromco, is deur die Direksie van die Dutoit Groep aangewys as die nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van Dutoit Agri. Willem is sedert November vanjaar werksaam by Dutoit Agri.

Pieter du Toit, Besturende Direkteur: Dutoit Groep, beskryf Willem as 'n sterk leier met die vermoë om die Dutoit Agri-strategie met volhoubaarheid te implementeer. "Hierdie ontwikkeling maak dit vir Dutoit Agri moontlik om die voortgesette sukses van die maatskappy te verseker", verduidelik Pieter du Toit.

Willem het grootgeword op 'n plaas in die Piketberg-distrik, waar daar met aartappels, koring en later tafeldruive geboer is. "Dit is basies hier waar my liefde en passie vir landbou ontwikkel het", verduidelik Willem. Na afloop van sy hoërskooljare by Piketberg Hoërskool, het hy sy studies by Stellenbosch Universiteit, met behulp van 'n Sasol beurs, voortgesit. Hy het 'n groot passie vir sport en het in hierdie tyd vir Maties Rugby uitgedraf waartydens hy sy vrou, Elsmarie, ontmoet het.

Na voltooiing van sy studies, het Willem Nieu Seeland toe verhuis met 'n fokus op sport evangelisasie. In 1997 het hy sy loopbaan by Sasol, Secunda, afgeskop as meganiese ingenieur, waar hy vir 7 jaar werksaam was. Daarna het hy teruggekeer na die landbou-industrie. Kromco, Grabouw, was vir 14 jaar Willem se inleiding tot appels, pere en pruime, waarna hy die laaste 5 jaar die totale besigheid geleidelik het.

Elsmarie is 'n gekwalifiseerde biokinetikus. Hul 3 kinders, Karli (15), Johann (12) en Willan (6) sluit volgende jaar by Hoërskool Charlie Hofmeyr en Laerskool Gericke aan.

Willem sal vanaf Januarie 2018 die leiers rol volkome by Gys du Toit (Sr) oorneem. Hy vertel dat hy opgewonde is oor die Dutoit-besigheid met al sy moontlikhede en potensiaal. "Ek sien daarna uit om in hierdie tyd die Dutoit-span beter te leer ken en saam die pad vorentoe te stap, deur die goeie en ook die minder goeie tye," moedig Willem aan.

Onder die Direksie se leiding en met Willem se ondersteuning, sien ons uit na die volgende fase van volhoubare groei.

Uitgawe 28

In hierdie uitgawe:	Bl
Willem Coetzee	1
Produksienuus	2

Afdelingsnuus:

Vastrap	3
Kromfontein	4
Tandfontein	4
Lindeshof	5
Nooitgedacht	6
Crispy Groep	6

Algemeen:

Dienstoenings	7
Dutoit Groente	13
Aanstellings & Bevorderings	13
Cherry Time	14
Waardes	14

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubaar wins-gewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Oordelikeheid
Menswaardigheid

PRODUKSIENUUS



WES-KAAP VRUGTE

Die afgelope winter is gekenmerk deur 'n baie warm en droë Mei-maand, gevolg deur 'n matige winter. Minder winterkoue is tussen Mei en Augustus geakkumuleer, met Augustus wat die grootste bydrae tot winterkoue opgelewer het, wat bydra tot die later seisoen. Ons het ondergemiddelde winterreënval beleef, met die meeste reën wat gedurende Junie geval het. Reënbuie was oor die algemeen geïsoleerd en het tot min afloopwater gelei. Damvlakke in die meeste areas is tans laag as gevolg van lae winterreën en baie min oordragwater van die vorige seisoen.

Rusbreekspuite is weens hierdie redes op die kernvrugte en van die steenvrugte vermeerder om eenvormigheid in die blomperiode en ook oes-rypheid te bevorder. Gedurende September en Oktober het ryp en ysreën ook voorgekom, maar dit is nog te vroeg om die finale impak van hierdie skade te kwantifiseer. Ons is egter van mening dat, afgesien van Tandfontein se nektariens, ons in die meeste gevalle 'n oes kan voorberei sonder te veel volume of kosmetiese afwykings.

Besproeiing

'n Baie noukeurige waterplan is vir die komende seisoen opgestel. Dutoit Agri se strategie vir die komende seisoen is om kwaliteit produkte te produseer deur ons beperkte waterhulpbron doelgerig aan te wend. 'n Groot aantal waterwerende praktyke is reeds geïmplementeer, om sodoende volhoubare produksie te verseker deur alle besproeiingswater so effektief moontlik aan te wend.

Die seisoen gaan egter nie sonder uitdagings wees nie. Groot fokus val op die skedulering van besproeiing om kwaliteit produkte te produseer. Die gereelde reën wat in Oktober geval het, is baie welkom en het beslis die druk op die vroeë seisoen se besproeiing verlig.

Oesbenadering

Elke area word afsonderlik hanteer, slegs in dele waar water baie beperk is, word die produksie aangepas. Dit is belangrik om jongbome se groei te beskerm, aangesien dit die toekoms is waarop ons bou.

Steenvrugte

Weens minder winterkoue is vertraagde bot waargeneem. Goeie bestuiwingsweer is tydens blomtyd ervaar en die aanvanklike blom was goed, maar uitgereke weens die vertraagde bot. Die uitgerekte blomproses veroorsaak 'n groot variasie van vruggrootte op 'n enkelboom wat uitdun bemoeilik. 'n Groter natuurlike speen van vrugte word wel waargeneem. Die ekstreme hitte van Desember 2016 tesame met die min koue en hoë temperature in Mei 2017, het ook 'n invloed op die groter speen wat ervaar word. Die pruim- en kersievolumes gaan beslis op sekere landgoedere drasties deur die speen beïnvloed word.

Pere

Oor die algemeen het die pere 'n vol blomme-oes gehad wat gelei het tot 'n goeie aanvanklike vrugset. Die ryp en ysreën het gedurende die blom en vrugset periode van sommige peerkultivars plaasgevind, wat moontlik die afwerking en tonne van enkele blokke kan beïnvloed, maar oor die algemeen word 'n normale oes verwag.

Appels

Die opskaal van ons rusbreek-program het oor die algemeen goed gewerk. Daar was egter steeds vertraagde bot op sommige van die 1-jaar-lote, maar die blomperiode van die appels was baie gelyk, gegewe die huidige klimaats-omstandighede. Ons ervaar 'n vol blomme-oes op die appels en 'n goeie aanvanklike vrugset. Ons behoort met gemak die aangepaste begrote tonne vir die komende seisoen te kan haal.



OOS-KAAP VRUGTE

Die aanloop tot die 2018-oes word gekenmerk deur:

- Baie min winterreën. Die Oos-Kaap het baie min reën ontvang vanaf April 2017 tot einde Augustus 2017. Vanaf einde Augustus 2017 kry ons elke week gereeld reën.
- Damme was gemiddeld 23% vol aan die begin van September 2017. Die skemadamme het, tot op hede, baie min water opgevang. Alle water word deurgelaat om plaasdamme vol te maak.
- Baie swak winterkoue. Die Oos-Kaap het baie min koue geakkumuleer gedurende Mei en begin Junie 2017. Goeie koue is geakkumuleer teen die einde van die winter. Ons verwag dus dat die vrugsgrootte onder druk gaan wees.
- Ysreën. Die meeste plase het ysreën gedurende middel Oktober 2017 gehad, maar die meeste skade behoort uitgedun te kan word.

Watersituasie 2018-oes

Tans het ons sowat 30% van ons seisoensbehoefte in die plaasdamme beskikbaar. Die orige gedeelte moet aangevul word deur somerreën en ook uit die skemadamme. Die skemadamme is tans leeg, omdat alle water deurgelaat word om plaasdamme vol te maak. Ons kry elke week fronte wat deurkom wat die kanale aan die gang hou. Ons hoop en vertrou op goeie reën tot Desember om goeie afloop te verseker en om die damme vol te kry. In die Oos-Kaap is Tweeriviere die enigste plaas wat erg onder druk met water is. Die plaas se hoof opgaardam lê buite 'n opvangsgebied en moet vol gepomp word. Tweeriviere se rivier loop tans swak en ons kry net sowat 20% van sy normale loop gepomp.

Oesbenadering 2018

Ons lê in 'n somerreënval gebied, daarom berei ons 'n normale oes voor vir die jaar. Indien die weer teen ons draai, sal ons ons oesladings aanpas op die plase wat dan onder druk verkeer.

Appels 2018

Oor die algemeen het die bome, ten spyte van die swak winter, goed geblom. Vertraagde botsimptome het wel op warmer plase en sekere kultivars voorgekom. Op die oomblik is daar enkele boorde/kultivars wat swak blom, maar ons behoort ons begrote tonne te kan haal.

Pere 2018

Die pere het oor die algemeen baie goed geblom en ons verwag 'n vol oes. Die vroeë pere het baie goed geset.

Pruime 2018

Die pruime het goeie setweer gehad en het gemiddeld tot swaar geset. Southern Belle is 'n kultivar met 'n hoë kouebehoefte en het baie swak geblom, ons verwag nie 'n goeie oes nie. Die res van die pruimoes behoort normaal te wees.

Johan Kotze

AFDELINGNUUS

Vastrap

Vastrap se rugbyklub het op 25 November 2017 hulle jaareindfunksie op die plaas aangebied. Verskeie spelers en een toeskouer is beloon met medaljes, sertifikate en 'n trofee. Ons rugbybestuur wil vir almal wat die klub die afgelope seisoen



(2017) ondersteun het bedank. Julle is regtig 'n gemeenskap waarop ons staatmaak.

Die klub het 2de plek behaal in die Gemeenskapskild-afdeling, wat vir die span die geleentheid gegee het om 2 promosiewedstryde teen Elandskloof en Overhex te speel. 'n Spesiale dank aan Mnr du Toit vir sy hulp gedurende die seisoen en Mnr Honiball, Landgoedbestuurder: Vastrap, vir sy lojaliteit teenoor die rugbyklub.

Kromfontein



Laerskool Koue Bokkeveld Uitstappie

Op 29 November het die Pre-Graad R-klas kersies op Kromfontein gepluk. Johan van Schalkwyk het die kleintjies mooi geleer van die kleurverskille en dat die soetste kersies nie rooi is nie, maar 'n diep donker pers. Nico van der Westhuizen het die vervoer gereël en die klassie van 20 was veilig vervoer met die groente-wa.

Baie dankie aan Kromfontein se hulp en bereidwilligheid om tydens 'n bedrywige werksdag die kinders op die plaas te akkommodeer. So skep ons 'n bewustheid en liefde vir vrugte en selfs die boerdery.



Kromfontein se jaarlikse kersboom partytjie

Ons het 6 Desember feesgevier by huis nummer 2 (Floris en Annami Steenkamp.) Maritza van der Merwe het alles gereël en baie moeite gedoen, van kerskrans en versierings tot 'n sneeuman met warmsjokolade en 'marshmallows' vir elke gesin.

Geen moeite is teruggehou om die kinders te bederf nie. Ons het 'n bitter oulike Kersvader en 'n netjiese elf gehad - Boertjie en Helena het hulle skitterend van hul taak gekwyd. Almal het gehelp en die aand was heerlik, dankie.

Tandfontein



Ryan Saunders (links) het onlangs sy vakleerlingskap voltooi en sy kwalifikasie as dieselwerktuigkundige verwerf met behulp van Agriseta befondsing en danksy Kassie Botha (regs) se nougesette opleiding. Dit was 'n vier jaar proses waartydens hy praktiese werk in Tandfontein se werkswinkel gedoen het, drie maande by Northlink was en sy finale toets afgehandel het.

Baie dankie aan almal op Tandfontein wat die moeite gedoen het om hierdie geleentheid vir Ryan moontlik te maak.

Lindeshof



Lindeshof rugby doen dit weer!

Die span is vir die 2de agtereenvolgende jaar as kampioene in die Top 8 aangewys saam met Johannes van Wyk (afrigter), Andrew Pedro (hulp afrigter) en Stokes Ruiters (Spanbestuurder). Die span van Lindeshof was die wenners van die eindstryd wat op Saterdag, 30 September 2017 op die Boland stadion in Wellington gespeel is. Hulle het die wedstryd met 32 – 26 gewen. Lindeshof rugbyspan is ook die Bokveld Liga-wenners.

Die spanbestuur en spelers wil graag al hul ondersteuners, wat so getrou die wedstryde bygewoon het, bedank. Hulle bedank ook Dutoit Vervoer asook Lindeshof se Vervoer wat die span veilig gedurende die seisoen vervoer het.



Mannedag

Lindeshof was die gasheer vir 'n Mannedag wat op 18 November 2017 deur Sara Jiemies en Johanna Beukes gereël is. Die geleentheid is deur 55 mans van Kromfontein en Lindeshof bygewoon, waarna hulle 'n ontbyt geniet en 'n geskenk ontvang het.



Die gassprekers by die geleentheid was Babarah Williams (CANS), Dr Muller van George en Mnr Klein van Knysna. Die sprekers het die manne ingelig oor die simptome en gevare van prostaat- en lenticulêrekanker. Die manne teenwoordig het die geleentheid gehad om gratis 'n HIV, Higit en bloeddruk toets te laat doen.

Die organiseerders wil graag die volgende persone bedank:

Jan Rossouw – Geskenke vir gassprekers
Me Steenkamp en Sr Bauer - Voorbereiding van die kos
Deon Jordaan – Fotograaf
Joos Basson – Vervoer



Diploma Plegtigheid

Leerders van Lindeshof is beloon vir hul prestasies tydens Kromlin-Primêr se 2017 gradeplegtigheid.

Corne Pedro, jongste seun van Kerneels en Caroline Pedro, is aangewys as Skurweberg se Top Presterende matrikulant vir 2017. Hierdie merietetoekenning word ontvang deur die leerder wat die beste presteer in sy matriekjaar. Baie geluk Corne!



Lindeshof Nasorgsentrum verryk kinders se lewens

Die Nasorgsentrum by Lindeshof het gedurende 2017 verskeie geleenthede benut om hul kinders se sosiale vaardighede te verbeter. Een van die hoogtepunte het Saterdag 22 Desember plaasgevind, waartydens 45 Pre-graad R tot graad 6 leerders 'n heerlike uitstappie na Melkbosstrand geniet het.

Meeste van die leerders was nooit vantevore by die see nie. Die geleentheid is gebruik om die Nasionale See Reddings Instituut, Stasie 18, te besoek. Hier het die leerders opleiding in persoonlike waterveiligheid asook kunsmatige asemhaling ondergaan. Die opleiding is afgesluit met 'n bekendstelling aan die reddings-toerusting wat die NSRI gebruik asook 'n besoek aan die lewensredders wat op die strand diens doen.

Nooitgedacht



John Deere Internasionaal Besoek Dutoit Agri

Op 21 September 2017 het Deere & Company se CEO, Mnr Sam Allen, John Deere Sub-Sahara Afrika en Afgri se senior bestuursspan, besoek aan Dutoit Agri afgelê. Die besoek het deel gevorm van mnr Allen se Afrika besoek. Ons het die besoekers op Nooitgedacht ontvang waarna daar gemeenskaplike punte bespreek is. Deere & Company het met almal teenwoordig hulle visie en toekomsplanne gedeel. Dutoit het ook aan hulle verduidelik wat ons toekomstige trekker-ontwikkeling en -vereistes is. Gedurende die trekkeruitstalling kon ons die nuutste boordtrekker, waarvan nog net drie gebou is, besigtig. Die dag is afgesluit met 'n boomplant-seremonie waartydens mnr Allen en mnr Gys du Toit (Sr) 'n kersieboom geplant het.

Interessante feite

- Dutoit Agri is die grootste klein-landbouthoerusting kliënt van John Deere in Sub-Sahara Afrika.
- Dutoit se vloot bestaan uit 684 trekkers, waarvan 570 John Deere trekkers is.
- Dutoit se spuitpomp-vloot bestaan uit 180 spuitpompe.
- Afgri (John Deere) se marktaandeel in die Wes-Kaap was 44% in 2016.
- Daar is wêreldwyd 'n redelike dryf om GPS tegnologie in te span, ook na self-dryf trekkers.
- John Deere toets nou sy eie spuitpomp.

Dit was 'n voorreg om hierdie senior afvaardiging van John Deere te ontvang en ons vertrou dat die geleentheid 'n lang en goeie verbintenis tussen John Deere, Dutoit Agri en Afgri sal versterk.

Crispy Groep



Crispy Groep is 'n Dutoit BEE inisiatief waarin plaas- en pakhuiswerkers saam met Dutoit kragte gesnoer het om 'n suksesvolle kommersiële boerdery en verkoelingsaanleg in die Ceres distrik te vestig. Crispy Groep is die houermaatskappy van Crispy Coolers en Crispy Farming, wat oorspronklik bestaan het uit 1 410 aandeelhouders. Een van die hoofvereistes van 'n Crispy aandeelhouer is onder andere dat die persoon 'n werknemer by die Dutoit- of Crispy Groep moet wees. Crispy Coolers is gedurende 2003 tot stand gebring, waarna Crispy Farming in 2004 gevolg het. Adrian Mars, Verkoelingsassistent Crispy Coolers, is ten volle verantwoordelik vir die bedryf van die verkoelingsaanleg, wat 22 BA kamers insluit met 'n kapasiteit van 30 000 grootmaathouders.

Die behoefte, binne die Crispy Groep, het toenemend ontstaan waar die Crispy Beleggings-aandeelhouders hulle aandele wou verkoop. Op daardie stadium was daar 'n toenemende hoeveelheid Crispy Beleggings-aandeelhouders (aftredes en pensionarisse) wat hul diens verlaat het. Na aanleiding van hierdie behoefte, het die Direksie van Crispy Beleggings in 2015 besluit om 'n vrywillige aanbod aan die Crispy Beleggings-Aandeelhouders te maak vir die terugkoop van hul aandele. 'n Onafhanklike waardeerder is aangestel om die waardasie te evalueer en te verseker dat 'n billike aanbod ondersteun kan word. Onafhanklike belastingadvies, prokureurs, waardeerders en ouditeure is ook genader.

As gevolg van verskeie wetlike prosedures, vereistes en kennisgewings het die proses ongeveer 17 maande, vanaf September 2015 tot Januarie 2017, geduur. Professionele konsultante en adviseurs wat waardeerders, belastingkundiges, ouditeure en prokureurs insluit, is gebruik om die proses te finaliseer. Die aanboddokument is voorberei en deur middel van ongeveer 20 kleingroepievergaderings binne die Crispy Groep en Dutoit-afdelings aan elke aandeelhouer, in samewerking met die Crispy Beleggings-Direkteure, oorhandig. Hierdie geleentheid het die nodige tyd vir vrae en antwoorde beskikbaar gestel. 'n Onafhanklike finansiële konsultant is genader om die kleingroepievergaderings te lei, met die doel om aan elke aandeelhouer die nodige inligting te voorsien om 'n ingeligte besluit te neem. Na verskeie kleingroepievergaderings het elke Crispy Beleggings-aandeelhouer die geleentheid gehad om op hul eie tyd, sonder enige druk, die aanbod te aanvaar.

Na afloop van die spertyd, het ongeveer 85% van die Crispy Beleggings-aandeelhouders, wat die aanbod ontvang het, die Direksie se aanbod vir die terugkoop van die aandele aanvaar. As gevolg van Dutoit se positiewe uitkyk op die Crispy Groep se langtermyn finansiële groei, het hierdie verwikkelinge die geleentheid geskep vir Dutoit om hulle aandeelbelang van 35% tot 'n maksimum van 49% te verhoog. Die Crispy Beleggings-aandeelhouders besit die meerderheid aandele van 51% in die Crispy Groep.

Die Crispy Groep het volle toegang tot die ondersteuningstruktuur van Dutoit, wat tegniese-, produksie-, verpakking-, bemaking-, arbeid-, admin- en finansiële dienste insluit. Tanith Freeman, Produkontwikkelings Bestuurder: Dutoit Agri, is betrokke by verskeie projekte by Crispy Farming om produkontwikkeling te verbeter.

Sedert die aankoop van die Crispy plase, is daar oor die jare gepoog om onekonomiese boorde te vervang, asook die samestelling van vrugtypes en om kultivars meer markverwant te maak.

Crispy Farming se produksamestelling bestaan uit ongeveer 20% appels, 61% pere en 19% nektariens. Binne die appelkategorie word daar op vroeë appels gefokus. Die grootste aanplantings is Royal Beaut. Aangesien die area hom so goed vir die produksie van hoë waarde blospeerkultivars leen, is 30% van die totale hektare Forelle. Die nektariens is 'n versameling van kultivars wat van middel November tot Februarie ryp word. Die versameling is afkomstig van verskeie teelprogramme oor die wêreld en fokus daarop om die beste in hul tydgleuf te wees.

Na die hoë insette op 'n vroeë stadium van Crispy Farming, is die doelwit om nou die bestaande aanplantings se waarde te maksimeer en die grootskaalse boerdery se potensiaal te ontwikkel wat tot aansienlike groei kan lei. Die Crispy Groep bou vandag steeds voort op die positiewe verwikkelinge wat die afgelope aantal jare plaasgevind het.

Johannes Engelbrecht

DIENSTOEKENINGS



Die Dutoit Agri Dienstoeckeningsfunksie vir Wes-Kaap amptenare is gehou op 8 Augustus 2017 te The Village Gastehuis en Restaurant.

Die volgende persone het toekenning ontvang:

10 JAAR

Karin Malan (Swartdam), Thea Mouton (Vastrap), Jandri Viljoen (Vastrap)

20 JAAR

Dan Olivier (Dutoit Vrugte), Harold de Silva (Dutoit Vrugte), Jan Rossouw (Lindeshof), Conrad du Toit (Dutoit Vervoer)

Dutoit Vrugte, Dutoit Hout en Lumbri Compost se dienstoekenningsfunksie het op 30 Augustus 2017 by die Ceres-vallei Kerksaal plaasgevind. Baie geluk aan elkeen wat 'n toekenning ontvang het.

10 JAAR

Dutoit Hout: Jan Kleyn, Moeti Khogane | **Dutoit Vervoer:** Dolf Hanekom | **Lumbri Compost:** Lungile Gabuza.

Dutoit Vrugte: Weliwa Mqholiwe, Charmaine Jacobs, Beraldine Jacobs, Novuyisile Ngwana, Sonja Wanza, Lilian Julius, Katrina Vass, Mzwandile Gqalaqha, Thando Ngcenge, Celise Claasen, Rachel Lendoor, Siyabong Gaba, Sabelo Ngwane, Esmarelda Coletta, Noncedo Mbusha, Phumla Dada, ZolileMayekiso, Jongimpi Ngwevela, Marco Boer, Micheal Jacobs, Wentzel Willemse, Vevercia Brul, Quinton Parring, Johan Sauls, Bulelwa Mbakaza, Bianca Boer, Ntombizanele Mjwanga, Dumisani Maqolo, Mbuyiseni Masondo, Lenie Jaars, Phumza Hlahla, Lovenes Ngxola, Hester April, Siphwokazi Adoons, Nomfundiso Dudiso, Marshaline Josephs, Lungelo Femele, Vuyelwa Mbizeni, Thabo Moleko, Mamahadi Moshoeshoe, Vuyisa Hinana, Emily Julius, Fundiswa, Kalo, Ncumisa, Xhantibe, Xoliswa Mlungwana, Desire Geldenhuys, Rochelle Van der Westhuizen, Thandeka Gqiba, Alderich Minnaar, Nono Ngxola, Angelina Maart, Bongiswa Yisa, Ntombekhaya Gabuza, Brain Joubert, Khungwana Mlungwana, Marisa Van Rooi, Mavis Mweza, Zoliswa Nyembe.



20 JAAR

Dutoit Vrugte: Jacoba Muller, Maurensa Joubert, Mary Ann Saim, Bethwell Nonkasana, Zibuzele Ngwevela, Chesna Carolus, Anna Swartz, Cecilia Mathys, Marchallene Schuurman, Johannes Muller, Bernard Van Rooi, Stoffel Be.





30 JAAR

Dutoit Vrugte: Josephine Swartz, Marie Van Rooi, Magaret Molosana, Aletta Abrahams, Cathleen Boer, Maria Sauls, Maria Pietersen, Michael Molozana.



Aftrede:

Dutoit Vrugte: Luniswa Vava, Gertruida Louw, Martha Jacobs, Sarie Pieterse, Anna Vlok, Anna Eksteen, Sendra Salmons, Mildred Ntshanga, Sophia Geldenhuys, Alida Pieterse, Gertruda Van Rooi, Alfred Pondwana, Alfred Nggebe.

Dutoit Groente se dienstoekenningsfunksie het op 4 Oktober 2017 by die Prince Alfred's Hamlet Kersaal plaasgevind. Baie geluk aan elkeen wat 'n toekennning ontvang het.



10 JAAR

Janet Daniels, Julia Abrams, Cathleen Muller, Maria Thomas, Mariaan Vanneel, Miena Jonkers, Siggibo Methuse, Trudene Raman, Rachelle Nel, Magrieta Moilosana, Ellen Smit, Lillian Daniels, Sylvia Oranje, Sanet Sass, Bernard Salmon, Dina Sass, Suzette van der Westhuizen, Vanessa Kammies, Elizabeth Moses, Rosetta Nel, Donald Wilskut, Jandry Swartz.



30 JAAR

Sara Montaguem, Linda Segels, Susanna Jansen, Lena Swarts, Martha Nel, Magdalena Muller, Elsie Skrots, Katriena Ryk, Anna Robertson, Martha Welles, Lettie Blaauw, Valeri Kammies, Sarie Saunders, Aletta Maart, Sanna vir Rooi, Sara Jansen, Hester Jafta, Dorethy Geduld, Magdalena George.



40 JAAR

Jan Swartz

AFTREDE

Banciliswe Ngwela

Wes-Kaap se Produksie Dienstoekeennings het op 16 Augustus 2017 by die Witzenbergvalleisaal plaasgevind. Baie geluk aan elkeen wat 'n toekenning ontvang het.

10 JAAR

Kromfontein: Leonie Jantjies, Godfrey Mngayi, Thini Magawu, Thelma Madubedube, Charoline Pedro, Murelda Gelant, Xolile Kutwana, Xolani Ngxabatya, Lorentse Mothupi, Azael Khati, Sabelo Xhinela, Sibusiso Tshangela.

Lindeshof: Zwelethemba Methusi, Mohaheng Sibalabala, Eleanore Lakay.

Nooitgedacht: Mtetanzima Bokoloshe, Mxolisi Khonto.

Skaapkraal: Piet Van Rooi, Kholekile Ntaka.

Sneeuwkop: Hendrik Charles, Elizabeth Janse, Zamilé Matwela, Khonzaphi George Jika.

Swartdam: Nicolaas Lukas, Simon Voorslag, Liena Isaacs, Tienie Pietersen.

Tandfontein: Dawid Titus, Petros Feni, Magdalena Skippers, Thamsanqa Kwinana, Mabhoyi Yingwa, Phekisane Molao.

Vastrap: Roshell De Klerk, Susanna De Klerk, Keith Louw, Stoffel Nel, Anna Nel, Mhlangabezi Nduna, Patric T s h a m b o , Mandla Madondolo, Jongikhaya Nduna, Lungile Qomoyi, Sicelo Nambane, Christopher Tofile, Shiwalakhe Sanda, Zingisile Vellem, Mawethu Qashosho, Sandile Shumane, Gladman Nduna, Vusizwe Mbutyu, Thembinkosi Blekiwe, Lungile Ndzutha Fumanekile Mnduzane, Msebenzi Ngwane.

Coshla: Miriam Manuel.

Vreeland: Jacob Pearce.



20 JAAR

Kromfontein: Tys Booise, Moos Swartz, Anna Snyders, Frans Cupido.

Lindeshof: Aletta Pedro, Magrieta Robert.

Nooitgedacht: Sarel Oktober, Abraham Beukes, Bernadette Hanse.

Paardekloof: Adam Lintnaar, Catharina Lintnaar.

Vastrap: Jakobus Daniels, Dirk Geduld.





30 JAAR

Kromfontein: Hendrina Rabie.

40 JAAR

Kromfontein: Gert Jantjies | **Lindeshof:** Malie Ruiters | **Paardekloof:** Anna Hofmeester.



AFTREDE

Kromfontein: Willem Jakobus Galant | **Lindeshof:** Jakobus Robert, Mvula Bennet Mnyele | **Excelsior:** Harold Nieuwenhuys, Francina Ruiters | **Paardekloof:** Anna Hofmeester | **Coshla:** Willem Fortuin.



Die Dutoit Agri, Oos-Kaap, se Dienstoekenningsfunksie vir Amptenare is gehou op 28 September 2017 by die Langkloof Gholfklub. Die volgende persone het toekennings ontvang:

10 JAAR

Gert Mostert (Louterwater Werkswinkel) Gert Joubert (Meulrivier), Welma Davids (Hoofkantoor), Dalene Botha (Hoofkantoor).



AFTREDE

Petru Wiese (Waboom).

Oos-Kaap se Produksie Dienstoekennings het op 27 September 2017 by die Langkloof NG Kerkzaal plaasgevind. Baie geluk aan elkeen wat 'n toekenning ontvang het.


10 JAAR

Brugplaas: Freddie De Vos | **Damplaas:** Buti Galela, Christopher Kleinboo, Calvin Mzolis, Mandla Nyakathisa | **Die Nek:** Johannes Zondag | **Helderwater:** Sydney Williams, Elvis Carbey, Anneline Hendricks | **Joubertina Pakstoor:** Arthur Abrahams, Maria Jackson, Patricia Moos | **Hoofkantoor:** Johnny Rondganger | **Klipdrif:** Clifto Browers | **Koukamma Fruit Packers:** Julian Sefakoe, Janette Ruiters, Llewellyn Rossouw, Pieter Rossouw, Elna Naude, Cynthia Mconyana, Joslin Maarman, Dalina Minnies, Johnny Blaauw | **Kratmontering:** Maria Hendricks, Selwyn Ruiters | **Misgund Pakstoor:** Matshepiso Lecheko, Dina Uithaler, Xoliswa Mondreki | **Meulrivier:** Andoons Swartboo, Laya van Schalkwyk | **Nuweplaas:** Christo Boshoff, Pricilda Sysaar | **Tweeër:** Elizabeth May, Michael Dingela, Eveliene Hendricks, Martin Chipe, Johannes Hendricks | **Waboom:** Pieter Trompetter | **Lab:** Maria Palmer.



AFTREDES

Misgund Oos Kleinboere: Michael Gxoyiya
Beau Haru: Anna Konstabel
JG Stewart : Phuthuma Fanga



DUTOIT GROENTE



Vanaf 1987 word die Groentebeker jaarliks na afloop van die seisoen oorhandig. Die beoordeling van die Groente-landgoedere fokus op produksie, kwaliteit en kostebestuur. Na nog 'n jaar van harde werk en fokus het Sneeuwkop met die Aartappelbeker, en Bokkenfontein met die Uiebeker weggestap.


1) Uiebeker: Willem Reynolds - Bokkenfontein | 2) Aartappelbeker: Freddie Eksteen - Sneeuwkop het gedurende die oorhandiging gehelp vure blus, Daniel Hanvenga ontvang die beker in sy afwesigheid.



Die uiesaad projek, in samewerking met Swartdam, lyk na 'n groot sukses. Tot op hede is produksie baie produktief hanteer. Verdere sukses rus op die bestuiwing van bye wat 'n bepalende faktor speel in die opbrengs van uiesaad.

Die saadkwaliteit word deur twee faktore naamlik ontkieming en groeikrag bepaal. Minimum reën gedurende Desember en Januarie kan ook goeie saad -kwaliteit verseker.

AANSTELLINGS & BEVORDERINGS



Aanstellings - **Annalize Nel** is aangestel as Bemerkings-Assistent by Dutoit Vrugte. **Johanné Viviers** is by Dutoit Vrugte aangestel as Loondame. **Anna-Marie Grobler** het op 2 Oktober as Bemerkings-Assistent by Dutoit Vrugte begin werk, **Charmein Moggee** het by Nootgedacht begin werk as Winkelbestuurder. **Anneline Bence** is aangestel as Rekeningkierk: Oos-Kaap. **Theunis Thiar** is by Dutoit Houtnywerheid aangestel as Produksiebestuurder.



Bevorderings - **Maria Kaptein** is bevorder tot Snr Loondame: Dutoit Vrugte, **Karl Laux** is bevorder tot Verpakkingsbestuurder Joubertina Pakhuis, **Jannie van Jaarsveld** is bevorder tot Verpakkingsbestuurder Misgund Pakhuis, **Hennie Blaauw** is bevorder tot Faktotum: Dutoit Vrugte. **Oorplasing** - **Barend Kritzing** is oorgeplaas van Verpakkingsbestuurder na Verkoelingsbestuurder: Oos-Kaap

CHERRY TIME



Dit smaak soos somer!

Daar is baie redes om uit te sien na somer. Son, see, en stroopsoet Cherry Time™-kersies. Die soetste, sappigste, top-gehalte kersies was gedurende die seisoen keurig uitgesoek en plaasvars in dele van die Wes-Kaap afgelewer.

Cherry Time™ glo dat dieselfde liefde en sorg wat toegespits word gedurende produksietydperk, ook in die welsyn van ons plaaswerkers en hul kinders belê moet word. Elke jaar word 'n gedeelte van ons plaaslike winste in ons werkers en hul gesinne teruggeploeg. Deur verskeie inisiatiewe word die volhoubaarheid van die Cherry Time™ handelsmerk nie net gedurende die seisoen verseker nie, maar ook vir die toekoms.



Waardes



Gedurende die Bewaarskole se maandelikse waardes-sessie op 1 November 2017, het Susan Blomerus, Bright Star aanbieder, gefokus op die tema: hoe om jou Lewenswaardes aan jou kinders oor te dra. Sy het beklemtoon dat jou waardes jou karakter vorm.

Die volgende waardes was veral op klem gelê.

V - Verantwoordelikheid vir jou aksies en wat daarop volg.

E - Eerlikheid al is dit ook hoe swaar en ten koste van wie.

R - Respek vir mense en dinge wat aan jou behoort.

Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdellings:

Dutoit Hoofkantoor: Theresa Wilbers. Dutoit Vrugte: Margot Rossouw. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuw-kop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Swartdam: Karin Malan. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Karin November. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

Redaksionele beleid: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.